# WATERVAARTUIG AFDELING

# ONDERAFDELING 1 – VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VERSEKERDE VAARTUIG EN VERSEKERDE MOTOR(S)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE – ONDERAFDELING 1

Verlies van of skade deur enige ongeluk of ongeval (nie andersins uitgesluit deur hierdie afdeling of die Algemene afdeling nie) aan:

1. die Versekerde Vaartuig;
2. enige apart gespesifiseerde Versekerde Motor (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
3. enige apart gespesifiseerde Bykomstighede van die Versekerde Vaartuig(e),

soos omskryf in die bylae wat die eiendom is van die Versekerde of waarvoor die Versekerde verantwoordelik is, terwyl:

1. in gebruik op die see, in hawes, riviere of op binnelandse waters insluitende onderwyl:
   - 1.1 vasgemeer, losgemaak, te water gelaat en uit die water gehaal word;
   - 1.2 dit gesleep word terwyl in nood of nadat dit in nood was;
   - 1.3 waterskiërs en valskermskiërs gesleep word;
   - 1.4 enige vaartuig en tuig in nood gesleep word met dien verstande dat sodanige sleep nie onderneem word in terme van ‘n kontrak wat vooraf deur of namens die Versekerde of enige ander party gereël is nie;
2. in transito per pad, spoor, see of lug insluitende oplaai en aflaai;
3. aan land met inbegrip van ‘n droogdok en by die perseel van kontrakteurs vir die doel om opgeknap, uitgerus, in stand gehou, herstel of geïnspekteer te word.

## OMSKRYWINGS – ONDERAFDELING 1

**Toebehore** sal beteken enige toebehore wat nie onder die omskrywing van Versekerde Vaartuig val nie en wat apart in die bylae gespesifiseer is as wat behoort aan ‘n spesifieke Versekerde Vaartuig, maar nie beperk nie tot terwyl op enige sodanige Versekerde Vaartuig.

**Versekerde Motor** sal beteken enige motor wat apart in die bylae onder die opskrif “Verlies van of skade aan die Versekerde Motor” gespesifiseer is.

**Versekerde Vaartuig** sal beteken die versekerde watervaartuig soos in die bylae gespesifiseer en wat bestaan uit:

- die romp en bo-struktuur;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

- enige reddingsboei of reddingsbote, skroewe, ankers, roere, skutbedekkings, seile, rondhoute, maste, takelwerk, meubels, vaste en los toebehore en ander soortgelyke toerusting of masjinerie wat ‘n integrale deel van die romp en bo-struktuur uitmaak;
- enige binneboordmotor(s) (indien in die bylae as ingesluit vermeld in die Versekerde Vaartuig se versekerde bedrag).

**Uit vaart geneem** sal beteken dat die Versekerde Vaartuig nie in gebruik is nie en uit die water is.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS – ONDERAFDELING 1

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie om te betaal vir:

1. Toebehore wat wettiglik vanaf die Versekerde Vaartuig(e) verwyder is en onderwyl gehou in enige motorvoertuig indien die verlies veroorsaak is deur diefstal of poging tot diefstal vanuit enige onbewaakte motorvoertuig tensy die Toebehoorsel gehou word in ‘n voertuig wat behoorlik gesluit en beveilig is of die voertuig self in ’n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en betreding tot of verlating van sodanige geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan, met dien verstande dat

   1.1 in die geval van ‘n verlies en daar geen bewyse is van kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating vanuit sodanige voertuig nie, indien die Versekerde deur middel van video-waarnemingsmateriaal (of enige ander afdoende bewys) kan aantoon dat ‘n poging aangewend is om die voertuig te sluit, sal sodanige bewys geag word om aan die vereiste vir ‘n gesluite voertuig en kragdadige en gewelddadige toegang of verlating vir enige verlies vanuit ‘n voertuig, te voldoen;

   1.2 hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees nie indien die voertuig in ‘n ongeluk of ander voorval betrokke was waar die eiendom weens omstandighede buite die beheer van die bestuurder en passasiers onbewaak gelaat moes word en dit nie beveilig kon word soos vereis nie;

   Spesifieke uitsluiting 1 kan op versoek deur die Maatskappy kwytgeskeld word ten opsigte van spesifieke Toebehore onderhewig daaraan dat die eerste bedrag betaalbaar van sodanige Toebehore soos in die bylae aangedui, verdubbel word. Hierdie kwytskelding sal in die bylae teenoor die versekerde artikel soos volg aangeteken word:

   Indien “Diefstal (nie-kragdadige toegang tot ‘n onbewaakte voertuig)” as “ingesluit” aangedui word, dan word spesifieke uitsluiting 1 kwytgeskeld met betrekking tot die spesifieke Toebehoorsel, maar indien “Diefstal (nie-kragdadige toegang tot ‘n onbewaakte voertuig)” as “nie ingesluit nie” aangedui word, dan bly spesifieke uitsluiting 1 van toepassing op die spesifieke Toebehoorsel;

2. diefstal of poging tot diefstal van enige los en vaste toebehore, meubels, toerusting en Toebehore van die Versekerde Vaartuig(e) wat nie gepaardgaan nie met werklike, sigbare, kragdadige en gewelddadige inbraak tot of uit:

   2.1 enige onbewaakte vaartuig;
   2.2 huishoudelike buitegeboue wat nie direk toegang verleen tot enige private woning nie;
   2.3 enige ander bergingsplek;

3 diefstal of poging tot diefstal van enige buiteboordmotor(s):

   3.1 wat aan die Versekerde Vaartuig of enige ander vaartuig vas is wat nie behoorlik aan sodanige vaartuig vasgebout is nie;

   3.2 nie gepaardgaan nie met werklike, sigbare, kragdadige en gewelddadige inbraak tot of uit:

      3.2.1 huishoudelike buitegeboue wat nie direk toegang verleen tot enige private woning nie ;

      3.2.2 enige ander bergingsplek;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan kleinverandering

maar spesifieke uitsluiting 3 sal nie van toepassing wees nie indien in die bylae teenoor “Volle diefstaldekking” (onder “Verlies van of skade aan die Versekerde Motor”) dit as “ingesluit” aangedui is;

4 diefstal van waterponies (“jet ski’s” of “wet bikes”) wat onbewaak in die ope of op ‘n sleepwa gelaat word;

5 verlies van of skade aan buiteboordmotors wat afval of oorboord val indien sodanige motors nie stewig aan die Versekerde Vaartuig vasgeketting of vasgebout is nie;

6 meganiese of elektriese onklaaraking, weiering of breekskade;

7 verlies of skade veroorsaak deur termiete, motte, insekte of ongediertes;

8 verlies of skade veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur geleidelike agteruitgang weens gebruik, slytasie, roes, oksidasie, muf, verval, nat of droë verrotting of enige ander soortgelyke geleidelikwerkende oorsake;

9 verlies van of skade aan seile en skutbeddekings wat deur die wind geskeur of weggewaai word terwyl dit gehys is met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees nie indien sodanige verlies of skade:

9.1 veroorsaak word deurdat die Versekerde Vaartuig gestrand, gesink, gebrand, aan die brand is of in ‘n botsing betrokke is of in onbeplande kontak kom met enige eksterne voorwerp;

9.2 as gevolg daarvan dat die rondhoute waaraan die seile geheg is, beskadig is;

10 skade weens skrape, kneusing of duike wat ontstaan gedurende transito of gedurende op- of aflaai en die koste van die gevolglike oorverf of oorvernis;

11 verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit detensie, konfiskering of rekwisisie van die Versekerde Vaartuig, die Versekerde Motor of enige Toebehore deur doeane of ander beamptes of owerhede met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees nie op skade wat plaasvind gedurende sodanige detensie, konfiskering of rekwisisie wat ontdek word by die terugbesorging van sodanige eiendom aan die Versekerde;

12 verlies of skade veroorsaak deur, toeskryfbaar aan, of tot die mate waarin dit vereger word omrede die Versekerde Vaartuig nie seewaardig is nie;

13 verlies of skade wat ontstaan terwyl die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor en Toebehore in gebruik is, geberg word of gesleep word buite die gebiedsperke wat in die bylae vermeld word, maar hierdie uitbreiding sal nie van toepassing wees nie terwyl sodanige versekerde eiendom per pad gesleep word deur enige land wat nie onder die gebiedsperke gelys is nie en wat binnegegaan moet word ten einde ‘n versekerde gebied te bereik langs ‘n redelike direkte roete vanaf die permanente perseel van die Versekerde se besigheid of woning in Suid-Afrika;

14 verlies of skade wat voortspruit onderwyl die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor(s) gebruik word vir enige gebruik wat nie in die bylae onder “gebruike van Versekerde Vaartuig” as gedek gespesifiseer is nie;

15 verlies of skade wat voortspruit uit of in verband met enige ruilooreenkoms, kontant- of kredietverkoopsooreenkoms, insluitende diefstal onder valse voorwendsels en/of bedrog;

16 verlies of skade veroorsaak deur of as gevolg van of waartoe bygedra word deur enige foutiewe onderdele, latente defekte, fout of afwyking in ontwerp of opstelling, gebrek aan instandhouding of gebreke in herstelwerk of veranderings;

17 klerasie; sakke en persoonlike besittings; batterylaaiers; duik- en visvangtoerusting (insluitende nette); waterski’s, skitoue en ander sporttoerusting; voedsel, brandstof en ander voorrade; reddingsgordels, mediese toerusting en ander soortgelyke veiligheidstoerusting; verkykers, sekstante, seevaartboeke, seevaartkaarte en ander soortgelyke navigasietoerusting; radar- en satellietnavigasietoerusting, visopsporingstoerusting, radio’s (insluitende tweerigting radio’s), televisies en ander soortgelyke

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

elektroniese toerusting; gereedskap en onderdele; houers en tenke tensy apart gespesifiseer in die bylae onder “Toebehore”;

18 waardevermindering of gevolglike verlies as gevolg van enige oorsaak hoegenaamd;

19 verlies van enige reddingsboot wat aan die Versekerde Vaartuig behoort wat nie permanent gemerk is met die naam van die hoof Versekerde Vaartuig nie;

20 skade aan motors as ‘n direkte gevolg van die inneem van vreemde materiaal wat die blokkasie van die waterinlaat- of verkoelingsisteem tot gevolg het;

21 repatriasiekoste om die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor terug te bring na Suid-Afrika vir herstelwerk wat volg op ‘n versekerde omskrewe gebeurtenis wat plaasvind in enige ander land wat gelys is onder gebiedsperkte tensy apart verseker deur die uitbreiding “Repatriasie vanuit ander gebiede”;

22 verlies of skade indien die Skipper of enige ander persoon wat in beheer van die Versekerde Vaartuig is (met die Versekerde se medewete en toestemming), ten tye van die ongeluk in stryd is met die Handelsverskepingsregulasies 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang) met betrekking tot:

22.1 nie in besit wees nie van ‘n geldige en toepaslike Sertifikaat van Bevoegdheid tensy onder die direkte en konstante leiding en toesig van ‘n verantwoordelike persoon wat in besit is van sodanige Sertifikaat van Bevoegdheid;

22.2 wat onder die invloed van dwelmmiddels of alkohol is;

23 verlies of skade indien die Versekerde Vaartuig, ten tye van die ongeluk, in stryd is met die Handelsverskepingsregulasies 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang) wat verband hou met die besit van ‘n geldige sertifikaat van geskiktheid;

24 enige verlies of skade wat voortspruit terwyl enige motorvoertuig die Versekerde Vaartuig op ‘n sleepwa sleep wat bestuur word deur:

24.1 die Versekerde onderwyl sy/haar bloedalkohol konsentrasievlak meer is as die wettige perk of indien sodanige persoon onder die invloed is van alkohol of bedwelmende dwelmmiddels (tensy toegedien deur of voorgeskryf deur en geneem in ooreenstemming met die instruksies van ‘n lid van die mediese beroep buiten die Versekerde) of terwyl die Versekerde nie voldoen nie aan die lisensiewette van die land waar die omskrewe gebeurtenis plaasgevind het;

24.2 enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wie, na die wete van die Versekerde, onder die invloed is van alkohol of bedwelmende dwelmmiddels (tensy toegedien deur of voorgeskryf deur en geneem in ooreenstemming met die instruksies van ‘n lid van die mediese beroep buiten hy-/syself) of wie nie voldoen nie aan die lisensiewette van die land waar die omskrewe gebeurtenis plaasgevind het, maar dit sal nie van toepassing wees nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder nie aan die lisensiewette voldoen nie en die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat, in die normale verloop van sy besigheid, prosedures in plek is om te verseker dat bestuurders aan lisensiewette voldoen.

Vir interne maklaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES – ONDERAFDELING 1

## Eweredigheid

1. Indien die Versekerde Vaartuig minder as 5 jaar oud is en, volgens die Maatskappy se berekeninge ten tyde van enige verlies of skade, die bedrag benodig om die Versekerde Vaartuig te vervang met ‘n soortgelyke nuwe watervaartuig meer is as die versekerde bedrag daarvan, sal die Versekerde as hulle eie versekeraar vir die verskil geag word en dra hulle ‘n eweredige deel van enige verlies dienooreenkomstig.

2. Indien die Versekerde Vaartuig 5 jaar oud is of ouer en, volgens die Maatskappy se berekeninge ten tyde van enige verlies of skade, die bedrag benodig om die Versekerde Vaartuig te vervang met ‘n soortgelyke tweedehandse watervaartuig van dieselfde toestand en ouderdom meer is as die versekerde bedrag daarvan, sal die Versekerde as hulle eie versekeraar vir die verskil geag word en dra hulle ‘n eweredige deel van enige verlies dienooreenkomstig.
3. Ten opsigte van die Versekerde Motor, indien, volgens die Maatskappy se berekeninge ten tyde van enige verlies of skade, die bedrag benodig om die Versekerde Motor te vervang met ‘n soortgelyke tweedehandse Motor van dieselfde toestand en ouderdom meer is as die versekerde bedrag daarvan, sal die Versekerde as hulle eie versekeraar vir die verskil geag word en dra hulle ‘n eweredige deel van enige verlies dienooreenkomstig.

Die Versekerde Vaartuig en die Versekerde Motor sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderhewig wees.

## Brandblussers en -blussersisteme

Dit is ‘n voorwaarde van hierdie onderafdeling dat enige Versekerde Vaartuig in nakoming met die Handelsverskepingsregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid) van 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang) toegerus moet wees met brandblussers en enige Versekerde Vaartuig (behalwe ‘n waterponie of “wet bike”) wat toegerus is met ‘n binneboord petrolmotor(s), oor ‘n afstandbeheerde brandblussersisteem in die enjinkompartement moet beskik. Sodanige sisteem moet te alle tye in ‘n behoorlike werkende toestand gehou word en brandblussers moet jaarliks deur ‘n goedgekeurde/geakkrediteerde agent gediens word.

## Tydperke uit vaart geneem

Geen terugbetaling van premies sal gemaak word in terme van hierdie onderafdeling nie met betrekking tot tydperke waartydens die Versekerde Vaartuig uit vaart geneem mag word.

## Plek of hawe vir herstelwerk en herstelfirma

Die Maatskappy sal met betrekking tot seevarende vaartuie wat op die see beskadig is en wat met die vaart kan voortgaan, geregtig wees om te besluit oor die hawe of plek waarheen die Versekerde vaartuig moet gaan vir vasmeer of herstel volgende op ‘n versekerde omskrewe gebeurtenis. Enige redelike bykomende uitgawes van die vaart wat deur die Versekerde aangegaan is ter nakoming van sodanige vereiste is deur die Maatskappy aan die Versekerde terugbetaalbaar.

Met betrekking tot alle vaartuie, sal die Maatskappy geregtig wees om die hersteller en plek vir herstelwerk te kies volgende op ‘n versekerde omskrewe gebeurtenis en die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die vervoer van die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor na sodanige hersteller.

## Veiligheidstoestelle en –toerusting

Dit is ‘n voorwaarde van hierdie onderafdeling dat die Versekerde Vaartuig alle veiligheidstoestelle en – toerusting moet dra soos uiteengesit in die Handelsverskepingsregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid) van 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang).

## Seewaardigheid

Alle redelike stappe sal gedoen word om die Versekerde Vaartuig te beskerm en in ‘n seewaardige toestand te hou soos vereis deur die wette en regulasies soos voorgeskryf deur Die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsvereniging (SAMSA) ongeag of die Versekerde Vaartuig in Suid-Afrikaanse gebiedswaters gebruik word, of nie.

## Berging en diefstal

Tensy andersins deur die Maatskappy ooreengekom en so in die bylae aangedui:

1. Versekerde waterponies en “wet bikes” moet geberg word in ‘n volledig geslote gebou wanneer dit nie in gebruik is nie en diefstaldekking vanuit sodanige gebou is onderhewig aan kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van sodanige gebou of opvolgend tot geweld of dreigement tot geweld;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. Versekerde Vaartuie buiten die bogenoemde moet geberg word in ‘n volledig geslote perseel wanneer dit nie in gebruik is nie en diefstaldekking vanaf enige sodanige perseel is onderhewig aan kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van sodanige perseel of opvolgend tot geweld of dreigement tot geweld.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS – ONDERAFDELING 1

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Klousule: Verliesskikkingsgrondslag

Onderhewig daaraan dat die versekerde bedra(e) in die bylae vermeld nie oorskry word nie, enige eerste bedrae betaalbaar en die spesifieke voorwaarde vir Eweredigheid, sal die grondslag waarop die Maatskappy enige eis ingevolge hierdie onderafdeling sal skik, wees:

1. Gespesifiseerde Toebehore: Indien herstelbaar, sal die Maatskappy sodanige eiendom herstel, maar indien nie herstelbaar nie, sal die Maatskappy volgens die Maatskappy se diskresie óf aan die Versekerde die bedrag betaal gelykstaande aan die verlies of skade, maar nie meer nie as die waarde van dieselfde (of soortgelyke) nuwe eiendom, óf sodanige eiendom of onderdele daartoe vervang met dieselfde (of soortgelyke) nuwe eiendom;
2. Versekerde Vaartui(e) jonger as vyf jaar oud (behalwe die eiendom gespesifiseer onder 4 hieronder): Indien herstelbaar, sal die Maatskappy sodanige eiendom herstel, maar indien nie herstelbaar nie, sal die Maatskappy volgens die Maatskappy se diskresie óf aan die Versekerde die bedrag betaal gelykstaande aan die verlies of skade, maar nie meer nie as die waarde van dieselfde (of soortgelyke) nuwe eiendom, óf sodanige eiendom of onderdele daartoe vervang met dieselfde (of soortgelyke) nuwe eiendom;
3. Versekerde Vaartui(e) vyf jaar oud of ouer: Indien herstelbaar, sal die Maatskappy sodanige eiendom herstel, maar indien nie herstelbaar nie, sal die Maatskappy volgens die Maatskappy se diskresie óf aan die Versekerde ‘n bedrag betaal gelykstaande aan die verlies of skade, maar nie meer nie as die redelike markwaarde van dieselfde (of soortgelyke) tweedehandse eiendom van dieselfde ouderdom en toestand, óf sodanige eiendom of onderdele daartoe vervang met dieselfde (of soortgelyke) tweedehandse eiendom van dieselfde ouderdom en toestand;
4. Seile, skutbedekkings of beskermende bedekkings, “jigging”, Versekerde Motors, binneboordmotors, masjinerie en batterye (ongeag die ouderdom): Die skikkingsgrondslag sal dieselfde wees soos in 3 hierbo;

met dien verstande dat:

1. in die bepaling van die ouderdom van die Versekerde Vaartuig soos uiteengesit in 2 en 3 hierbo, sal dit wees vanaf die datum waarop die Versekerde Vaartuig die eerste keer vervaardig is;
2. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van nuwe onderdele wat nie in Suid-Afrika as standaard onderdele verkrygbaar is nie of waarvan die model verouderd is, sal beperk wees tot die waarde van sodanige onderdele ten tyde van die verlies of skade (insluitend die redelike vervoerkoste van die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

onderdeel, maar uitgesluit lugvervoer) maar hoogstens volgens die vervaardiger se laaste uitgereikte of pryslys van sodanige onderdeel;

3. die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie om enige glans- of ander soortgelyke dekoratiewe afwerking te pas tensy klousules en uitbreidings op die bylae dit aandui dat hierdie onderafdeling uitgebrei is om sodanige ooreenstemming/passing in te sluit;
4. enige vervanging of herstel sal so na as redelik moontlik aan die oorspronklike spesifikasie wees, maar die Maatskappy sal nie verantwoordelik wees nie vir presiese of akkurate restorasie;
5. indien die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor, na die wete van die Maatskappy, die onderwerp is van 'n kredietooreenkoms in terme van die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005 soos gewysig of van tyd tot tyd vervang) en die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor is 'n totale verlies of word gesteel en nie teruggevind nie, sal betaling eerstens aan die kredietverskaffer soos omskryf in sodanige ooreenkoms gemaak word tot en met die uitstaande bedrag van sodanige ooreenkoms. Indien die uitstaande bedrag van sodanige kredietooreenkoms minder is as die versekerde bedrag, sal enige verdere bedrag betaalbaar vir die verlies of skade in terme van hierdie onderafdeling aan die Versekerde betaal word.

**Koste van uitlig, verwydering of vernietiging van die wrak** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir koste aangegaan met die Maatskappy se skriftelike toestemming, vir die uitlig, verwydering of vernietiging van die wrak van die Versekerde Vaartuig en Versekerde Motor.

**Koste om 'n verlies te voorkom** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die redelike koste betaal wat aangegaan is om verlies te voorkom of skade te verminder wat ingevolge hierdie onderafdeling verseker is.

**Kredietekort** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde bedrag van die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor wat in die bylae vermeld word, minder is as die bedrag verskuldig aan die finansieringsmaatskappy in terme van 'n kredietooreenkoms, sal die Maatskappy aan die Versekerde die bykomende bedrag betaal gelykstaande aan sodanige tekort in die geval waar sodanige versekerde eiendom of:

1. geag word 'n totale verlies te wees deurdat die Maatskappy dit onekonomies ag om te herstel; of
2. gesteel of gekaap word en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie.

Die vergoeding betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding sal verminder word deur:

1. enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;
2. alle terugbetalings van premie vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat verband hou met die Versekerde Vaartuig en Versekerde Motor;
3. enige bedrae gefinansier wat verband hou met bykomende waarborge, diensplanne, onderhoudsplanne en dies meer;
4. enige bedrae gefinansier vir Toebehore.

Hierdie uitbreiding sal nie:

1. dekking verskaf nie vir enige finansieringsooreenkoms waarvan die bedrag van enige enkele paaiement (buiten die finale reswaarde-bedrag) ná die aanvanklike betaling, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. dekking verskaf nie indien enige tekort die gevolg is van ‘n hervoorskot ingevolge ‘n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge ‘n bruikhuurooreenkoms;
3. dekking verskaf nie indien enige tekort die gevolg is van die herstrukturering van skuld;
4. dekking verskaf nie vir enige tekort wat verband hou met die versekerde bedrag wat onvoldoende is om die korrekte waarde te verteenwoordig soos uiteengesit in die “Klousule: Verliesskikkingsgrondslag”;
5. dekking verskaf nie vir enige tekort as gevolg van die toepassing van ‘n eerste bedrag betaalbaar deur die Maatskappy;
6. dekking verskaf nie waar die kredietooreenkoms nie binne die omskrywing van ‘n kredietooreenkoms in terme van die Nasionale Kredietwet (Wet 24 van 2005 soos gewysig of van tyd tot tyd vervang) val nie.

## **Aflewering na herstelwerk** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Na die voltooiing van herstelwerk wat volg op ‘n versekerde gevaar ingevolge hierdie onderafdeling, sal die Maatskappy betaal vir die redelike afleweringskoste van die Versekerde Vaartuig en/of die Versekerde Motor aan die Versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana en Swaziland.

## **Noodverblyf** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien ‘n reis weg van die permanente woonplek alreeds begin het en nie voltooi kan word nie weens die feit dat die Versekerde Vaartuig verlies of skade gely het as gevolg van ‘n versekerde gebeurtenis onder hierdie onderafdeling, sal die Maatskappy betaal vir noodverblyf vir tot en met twee aande vir die Versekerde en enige geaffekteerde passasiers op voorwaarde dat weens die afstand weg van die permanente woonplek, dit nie moontlik is om dadelik terug te keer huis toe nie.

## **Noodherstelwerk** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Versekerde mag opdrag gee vir noodherstelwerk om gedoen te word sonder vooraf toestemming van die Maatskappy tot en met, maar nie vir meer nie, die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele gebeurtenis, met dien verstande dat:

1. sodanige koste andersins skadeloosstelbaar sal wees deur ‘n versekerde gebeurtenis onder hierdie onderafdeling;
2. ‘n volledige geïtemeerde faktuur verkry en dadelik aan die Maatskappy gestuur is.

## **Koste van nooddienste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir koste waarvoor die Versekerde verantwoordelik is om te betaal aan enige openbare owerheid vir nooddienste wat gelewer is na verlies of skade deur ‘n versekerde gebeurtenis ingevolge hierdie onderafdeling aan die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor.

## **Glans- of ander soortgelyke dekoratiewe afwerkings** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande voorbehoudsbepaling 3 van die “Klousule: Verliesskikkingsgrondslag”, word hierdie onderafdeling uitgebrei om die koste in te sluit vir die ooreenstemming, so na as moontlik, van enige glans- of ander soortgelyke dekoratiewe afwerkings in enige herstel of restourasie van die Versekerde Vaartuig wat volg op ‘n versekerde omskrewe gebeurtenis.

## **Inspeksie van romp** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir die redelike koste aangegaan tot en met die versekerde bedrag in die bylae vermeld om die romp van die Versekerde Vaartuig te inspekteer vir moontlike skade weens die stranding, sink

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

of botsing van die Versekerde Vaartuig, nieteenstaande dat geen skade gevind mag word na sodanige inspeksie nie.

## Sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel met betrekking tot die koste vir die vervanging van slotte en sleutels, insluitend die afstandbeheerkontrole en, indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige Versekerde Vaartuig wat volg op:

1. die verlies van of skade aan enige sleutel of alarmbeheerder van sodanige Versekerde Vaartuig; of
2. skade aan die Versekerde Vaartuig se slotte deur 'n indringer ten einde geforseerde toegang tot die Versekerde Vaartuig te kry; of
3. die Versekerde wat rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder.

## Repatriasie vanuit ander gebiede (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 21 word geskrap. Opvolgend tot verlies of skade aan die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor wat plaasvind in enige ander gebied wat onder gebiedsperke in die bylae vermeld is, sal die Maatskappy betaal vir die redelike koste tot en met die versekerde bedrag in die bylae vermeld om die Versekerde Vaartuig en Versekerde Motor terug te bring vanaf sodanige ander versekerde gebied na die Republiek van Suid-Afrika vir herstelwerk om uitgevoer te word indien die herstelwerk nie in enige ander sodanige gebied uitgevoer kan word nie.

## Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderhewig aan die terme, voorwaardes, uitsluitings en waarborge vervat hierin, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Beskermingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die Maatskappy sal betaal vir die redelike bergings- en beveiligingskoste van en, sodra in die Republiek van Suid-Afrika, vir die vervoer van die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor na die naaste goedgekeurde hersteller volgende op verlies of skade gedek ingevolge hierdie onderafdeling.

**Herwinnings- en terugkrygingskoste wat volg op diefstal of kaping** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir alle redelike herwinnings- en terugverkrygingskoste aangegaan met die Maatskappy se skriftelike toestemming om die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor te herwin en terug te kry opvolgendend tot die verlies daarvan as gevolg van diefstal of kaping.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik vanaf tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# ONDERAFDELING 2 – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDEPARTYE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE – ONDERAFDELING 2

1. Indien dekking in die bylae teenoor “Versekerde Vaartuig se aanspreeklikheid” as “Ingesluit” aangedui is, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld is ten opsigte van skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal opvolgend tot die dood of liggaamlike besering van enige persoon, of skade aan eiendom van enige persoon wat voortspruit uit enige ongeluk veroorsaak deur of as gevolg van of in verband met die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor binne die gebiedsperke soos omskryf in die bylae.
2. Indien dekking in die bylae teenoor “Aanspreeklikheid indien ‘n ander persoon die Versekerde Vaaruig bestuur” as “Ingesluit” aangedui is, onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie polis, sal die Maatskappy enige navigator (buiten die Versekerde) skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag vermeld in die bylae onder “Versekerde Vaartuig se aanspreeklikheid” met betrekking tot skadevergoeding waarvoor sodanige ander navigator regtens aanspreeklik word om te betaal opvolgend tot die dood of liggaamlike besering van enige persoon, of skade aan eiendom van enige persoon wat voortspruit uit enige ongeluk veroorsaak deur of as gevolg van of in verband met die navigasie van die Versekerde Vaartuig deur enige sodanige persoon binne die gebiedperke soos omskryf in die bylae.

# OMSKRYWINGS- ONDERAFDELING 2

**Koste en Uitgawes** sal beteken koste, uitgawes en regsonkoste verhaalbaar van die Versekerde deur ‘n eiser of enige aantal eisers of aangegaan deur die Maatskappy of aangegaan deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming:

1. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie onderafdeling van die polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van dood, liggaamlike besering of skade aan eiendom soos verseker in terme van hierdie onderafdeling van die polis.
2. in die verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ongeluksnavraag ten opsigte van dood of liggaamlike besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling van die polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in ‘n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte

van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling van die polis mag wees.

**Versekerde Motor** sal dieselfde betekenis hê soos omskryf in onderafdeling 1.

**Versekerde Vaartuig** sal dieselfde betekenis hê soos omskryf in onderafdeling 1.

**Uit vaart geneem** sal dieselfde betekenis hê soos omskryf in onderafdeling 1.

**Waterski** sal insluit die sleep van enige persoon(e) op enige toestel agter 'n vaartuig.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS – ONDERAFDELING 2

Die Maatskappy sal nie ingevolge **omskrewe gebeurtenis 1** aanspreeklik wees nie vir:

1. dood van of liggaamlike besering van enige persoon:
    1.1 in die diens van die Versekerde wat voortspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
    1.2 wat 'n lid van dieselfde huishouding is as die Versekerde of 'n lid is van die Versekerde se familie;
2. skade aan enige eiendom:
    2.1 wat aan die Versekerde behoort;
    2.2 wat gebruikhuur, gehuur, geleen of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is;
    2.3 wat aan 'n werknemer van die Versekerde behoort;
    2.4 wat behoort aan 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of 'n familielid van die Versekerde;
    2.5 wat in of op die Versekerde Vaartuig vervoer word;
3. enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die vervoer van die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor per pad of onderwyl op 'n sleepwa wat vas is aan 'n motorvoertuig of wat weggebreek het of per ongeluk losgekom het van 'n motorvoertuig;

Bykomend sal die Maatskappy nie ingevolge **omskrewe gebeurtenis 2** aanspreeklik wees nie vir:

4. enige eis indien sodanige navigator:
    4.1 die Versekerde Vaartuig bestuur sonder die Versekerde se toestemming;
    4.2 geregtig is op algehele of gedeeltelike skadeloosstelling ingevolge enige ander versekeringspolis met betrekking tot dieselfde aanspreeklikheid en gebeurtenis;
    4.3 nie voldoen aan die terme en voorwaardes van hierdie polis nie;
    4.4 ooit versekering geweier is vir 'n watervaartuig of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar;
    4.5 werksaam of in diens is by 'n operateur van 'n skeepswerf, herstelwerf of sleephelling en die Versekerde Vaartuig in sodanige hoedanigheid bestuur;
    4.6 werksaam of in diens is by 'n watervaartuig-klub, verkoopsagentskap of soortgelyke organisasie en die Versekerde Vaartuig in sodanige hoedanigheid bestuur;
5. dood van of liggaamlike besering aan:
    5.1 enige persoon in diens van sodanige navigator wat voortspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
    5.2 enige persoon wat 'n lid is van dieselfde huishouding as die navigator of wat 'n lid is van die navigator se familie;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

5.3 die Versekerde; ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of enige persoon wat ‘n lid is van die Versekerde se familie;

5.4 enige persoon in diens van die Versekerde en in die verloop van sodanige diens;

6. skade aan enige eiendom:

   6.1 wat aan die navigator behoort;

   6.2 wat gebruikhuur, gehuur, geleen of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer van die navigator is;

   6.3 wat aan ‘n werknemer van die navigator behoort;

   6.4 wat behoort aan ‘n lid van dieselfde huishouding as die navigator of ‘n familielid van die navigator;

   6.5 wat in of op die Versekerde Vaartuig vervoer word;

   6.6 wat behoort aan die Versekerde, ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of behoort aan ‘n familielid van die Versekerde;

   6.7 wat behoort aan ‘n werknemer van die Versekerde,

Met betrekking tot beide omskrewe gebeurtenisse **1 and 2**, sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees nie vir:

7. enige aanspreeklikheid aanvaar deur ooreenkoms of kontrak deur die Versekerde (of in terme van omskrewe gebeurtenis 2, die navigator) tensy sodanige aanspreeklikheid op die Versekerde (of navigator) van toepassing sou wees nieteenstaande sodanige ooreenkoms of kontrak;

8. skadevergoeding met betrekking tot uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry in die Verenigde State van Amerika of Kanada (of tot enige bevele wat gemaak is enige plek in die wêreld om sodanige uitspraak, arbitrasiebeslissing of skikking, hetsy in geheel of gedeeltelik, af te dwing);

9. Koste en Uitgawes van gedingvoering wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word wat aangegaan is in en verhaalbaar is in die gebied omskryf in 8 hierbo;

10. enige aanspreeklikheid wat voortspruit onderwyl die Skipper (of ander persoon in beheer van die Versekerde Vaartuig met die Versekerde se wete en toestemming), ten tye van die ongeluk die Handelsverskepingsregulasies 2007 (soos gewysig of van tyd tot tyd vervang) oortree, met betrekking tot:

    10.1 nie in besit wees nie van ‘n geldige en toepaslike Sertifikaat van Bevoegdheid tensy onder die regstreekse en deurlopende leiding en toesig van ‘n verantwoordelike persoon wat in besit is van sodanige Sertifikaat van Bevoegdheid;

    10.2 onder die invloed is van dwelmmiddels of alkohol;

11. enige aanspreeklikheid wat ontstaan onderwyl die Versekerde Vaartuig, ten tye van die ongeluk, in stryd is met die Handelsverskepingsregulasies 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang) wat verband hou met die besit van ‘n geldige geskiktheidsertifikaat;

12. enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit sypeling, besoedeling, of kontaminasie tensy sodanige sypeling, besoedeling, of kontaminasie veroorsaak is deur ‘n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis;

13. die koste van die verwydering, onskadelik maak of opruiming van sypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe tensy sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie veroorsaak is deur ‘n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis;

14. enige aanspreeklikheid wat voortspruit onderwyl die Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor(s) gebruik word vir enige gebruik wat nie in die bylae onder “gebruike van Versekerde Vaartuig” as gedek gespesifiseer is nie;

15. enige aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur, toeskryfbaar is aan, of tot die mate wat dit vererger word deur die feit dat die Versekerde Vaartuig nie seewaardig is nie;

Vir interne makelaargebruik alleenlik. Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

16. dood van of liggaamlike besering van enige persoon of verlies van of skade aan enige sodanige persoon se eiendom terwyl hy/sy in die Versekerde Vaartuig as ‘n passasier vervoer word (insluitend onderwyl daar opgeklim of afgeklim word);
17. dood van of liggaamlike besering van enige persoon (insluitende ‘n waterskiër of ‘n valskermskiër wat agter die Versekerde Vaartuig gesleep word) of verlies van of skade aan enige persoon se eiendom (insluiteinde die eiendom wat behoort aan ‘n waterskiër of ‘n valskermskiër wat agter die Versekerde Vaartuig gesleep word) wat ontstaan onderwyl die Versekerde Vaartuig gebruik word om ‘n waterskiër of ‘n valskermskiër te sleep vanaf die tydstip waarop sodanige persoon die Versekerde Vaartuig verlaat totdat sodanige persoon weer veilig aanboord die Versekerde Vaartuig is en losgemaak is van enige harnasse en toue.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES – ONDERAFDELING 2

## Brandblussers en -blussersisteme

Dit is ‘n voorwaarde van hierdie onderafdeling dat enige Versekerde Vaartuig in nakoming met die Handelsverskepingsregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid) van 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang) toegerus moet wees met brandblussers en enige Versekerde Vaartuig (behalwe ‘n waterponie of “wet bike”) wat toegerus is met ‘n binneboord petrolmotor(s), oor ‘n afstandbeheerde brandblussersisteem in die enjinkompartement moet beskik. Sodanige sisteem moet te alle tye in ‘n behoorlike werkende toestand gehou word en brandblussers moet jaarliks deur ‘n goedgekeurde/geakkrediteerde agent gediens word.

## Versekerde bedrag

Die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise wat verband hou met enige enkele gebeurtenis, sal hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae teenoor “Versekerde bedrag (per gebeurtenis)” beloop.

Indien enige enkele gebeurtenis aanleiding gee tot ‘n eis of eise wat die onderwerp van skadeloosstelling is deur beide ‘n omskrewe gebeurtenis en ‘n uitbreiding of meer as een uitbreiding ingevolge hierdie onderafdeling, sal elkeen apart van toepassing wees en onderhewig aan sy eie aparte versekerde bedrag altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle sodanige eise tesame wat voortspruit uit ‘n enkele gebeurtenis beperk sal wees tot die bedrag vermeld in die bylae teenoor “Versekerde bedrag (maksimum skadeloosstelling insluitend uitbreidings)”.

## Tydperke uit vaart geneem

Geen terugbetaling van premies sal ingevolge hierdie onderafdeling geskied nie met betrekking tot tydperke waartydens die Versekerde Vaartuig uit vaart geneem mag word.

## Veiligheidstoestelle en –toerusting

Dit is ‘n voorwaarde van hierdie onderafdeling dat die Versekerde Vaartuig alle veiligheidstoestelle en –toerusting moet dra soos uiteengesit in die Handelsverskepingsregulasies (Nasionale Kleinvaartuigveiligheid) van 2007 (soos van tyd tot tyd gewysig of vervang).

## Seewaardigheid

Alle redelike stappe moet geneem word om die Versekerde Vaartuig in ‘n seewaardige toestand te beskerm en onderhou soos vereis deur die wette en regulasies voorgeskryf deur Die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsvereniging (SAMSA) ongeag of die Versekerde Vaartuig in Suid-Afrikaanse gebiedswater hanteer word, of nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS – ONDERAFDELING 2

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een Versekerde in die bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word en die Maatskappy kom ooreen om afstand te doen van alle regte wat die Maatskappy teen enige een van sodanige partye mag hê of bekom.

## Eerstehulp behandeling

Die skadeloosstelling verskaf onder omskrewe gebeurtenis 1 sal alle bedrae insluit waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal weens foutiewe eerstehulp behandeling wat toegedien is of beskikbaar gestel is deur die Versekerde aanboord van die Versekerde Vaartuig of opvolgend tot ‘n ongeluk waarby die Versekerde Vaartuig betrokke was, met dien verstande dat:

1. verkeerdelike diagnose is streng uitgesluit;
2. die maksimum aanspreekikheid van die Maatskappy onder hierdie uitbreiding sal hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word teenoor “Versekerde bedrag (per gebeurtenis)” onder “Versekerde Vaartuig se aanspreeklikheid”.

## Passasiersaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 16 van hierdie onderafdeling word geskrap met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie skadeloosstelling sal verskaf nie aan die Versekerde vir ‘n eis wat voortspruit uit die vervoer van:

1. reisgeldbetalende passasiers tensy onder “gebruike van Versekerde Vaartuig” in die bylae, teenoor “Vervoer van reisgeldbetalende passasiers” dit vermeld dat sodanige gebruik van die Versekerde Vaartuig gedek is;
2. enige passasier wat in persoon in diens is van die Versekerde en wat voorspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
3. enige passasier wat in persoon ‘n lid is van dieselfde huishouding as die Versekerde of ‘n lid is van die Versekerde se familie.

Indien in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor “Aanspreeklikheid indien ‘n ander persoon die Versekerde Vaartuig bestuur” dekking as “Ingesluit” aangedui is, word spesifieke uitsluiting 16 geskrap op voorwaarde dat hierdie uitbreiding nie skadeloosstelling verskaf aan sodanige ander navigator nie vir ‘n eis wat ontstaan uit die vervoer van:

1. reisgeldbetalende passasiers tensy dit in die bylae onder “Gebruike van Versekerde Vaartuig”, teenoor “Vervoer van reisgeldbetalende passasiers” aangedui word dat sodanige gebruik van die Versekerde Vaartuig gedek is;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. enige passasier wat ‘n persoon in diens van die navigator is en wat voortspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
3. enige passasier wat in persoon ‘n lid is van dieselfde huishouding as die navigator of ‘n lid is van die navigator se familie;
4. die Versekerde, ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of enige persoon wat ‘n lid is van die Versekerde se familie;
5. enige persoon in diens van die Versekerde en in die verloop van sodanige diens;

op voorwaarde dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding vir skadeloosstelling aan die Versekerde en enige navigator gekombineerd wat voortspruit uit ‘n enkele gebeurtenis hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae onder hierdie uitbreiding sal beloop.

## Susterskepe

Indien die Versekerde Vaartuig bots met of reddingsdienste ontvang van ‘n ander vaartuig wat behoort of gedeeltelik behoort aan die Versekerde, sal die Versekerde oor dieselfde regte ingevolge hierdie onderafdeling beskik asof sodanige ander vaartuig nie besit is of gedeeltelik besit is deur die Versekerde nie. In sodanige gevalle sal die aanspreeklikheid vir die botsing of reddingskoste na ‘n enkele arbiter verwys word vir ooreenstemming tussen die Maatskappy en die Versekerde.

## Aanspreeklikheid vir waterskiërs of valskermskiërs (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 17 van hierdie onderafdeling word geskrap op voorwaarde dat hierdie uitbreiding nie skadeloosstelling aan die Versekerde verskaf nie vir:

1. enige waterskiër of valskermskiër wat ook ‘n reisgeldbetalende passasiers is tensy dit in die bylae onder “Gebruike van Versekerde Vaartuig”, teenoor “Vervoer van reisgeldbetalende passasiers” aangedui word dat sodanige gebruik van die Versekerde Vaartuig gedek is;
2. enige waterskiër of valskermskiër wat in diens is van die Versekerde en wat voorspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
3. enige waterskiër of valskermskiër wat in persoon ‘n lid is van dieselfde huishouding as die Versekerde of ‘n lid is van die Versekerde se familie.

Indien in die bylae onder hierdie uitbreiding teenoor “Aanspreeklikheid indien ‘n ander persoon die Versekerde Vaartuig bestuur” dekking as “Ingesluit” aangedui is, word spesifieke uitsluiting 17 geskrap op voorwaarde dat hierdie uitbreiding nie skadeloosstelling verskaf aan sodanige ander navigator nie vir:

1. enige waterskiër of valskermskiër wat ook ‘n reisgeldbetalende passasier is tensy dit in die bylae onder “Gebruike van Versekerde Vaartuig”, teenoor “Vervoer van reisgeldbetalende passasiers” aangedui word dat sodanige gebruik van die Versekerde Vaartuig gedek is;
2. enige waterskiër of valskermskiër wat ‘n persoon in diens van die navigator is en wat voortspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
3. enige waterskiër of valskermskiër wat in persoon ‘n lid is van dieselfde huishouding as die navigator of ‘n lid is van die navigator se familie;
4. enige waterskiër of valskermskiër wat die Versekerde is, ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of ‘n lid is van die Versekerde se familie;
5. enige persoon in die diens van die Versekerde en in die verloop van sodanige diens;

op voorwaarde dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding vir skadeloosstelling aan die Versekerde en enige navigator gekombineerd wat voortspruit uit ‘n enkele gebeurtenis hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae onder hierdie uitbreiding sal beloop.

Vir interne makelaarsgebruik uitsluitlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Dekking word verder deur hierdie uitbreiding uitgebrei sodat die Maatskappy ook enige ander persoon skadeloos sal stel wat ‘n waterskiër of valskermskiër is en deur die Versekerde Vaartuig getrek word (tot en met die versekerde bedrag vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding) met betrekking tot skade waarvoor sodanige waterskiër of valskermskiër regtens aanspreeklik sal word om te betaal opvolgend tot die dood van of liggaamlike besering aan enige ander persoon, of skade aan eiendom van enige ander persoon wat voortspruit uit enige ongeluk wat veroorsaak is deur of as gevolg van sodanige aktiwiteit, met dien verstande dat:

1. hierdie verder uitgebreide dekking nie skadeloosstelling sal verleen nie vir skade aan enige eiendom:
   - 1.1 wat aan die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër behoort;
   - 1.2 wat gebruikhuur, gehuur, geleen of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër;
   - 1.3 wat aan ‘n werknemer van die Versekerde of sodanige waterskiër of valskermskiër behoort;
   - 1.4 wat behoort aan ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër of ‘n familielid van die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër;
2. hierdie dekking wat verder uitgebrei is, nie skadeloosstelling sal verskaf nie vir dood van of liggaamlike besering aan:
   - 2.1 enige persoon in diens van die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër wat voortspruit uit en in die verloop van sodanige diens;
   - 2.2 enige persoon wat ‘n lid is van dieselfde huishouding as die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër of wat ‘n familielid is van die Versekerde, sodanige waterskiër of valskermskiër;
   - 2.3 die Versekerde, nieteenstaade dat sodanige waterskiër of valskermskiër so regtens aanspreeklik mag wees;
3. sodanige waterskiër of valskermskiër nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;
4. sodanige waterskiër of valskermskiër sal, asof hy of sy die Versekerde is, die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie polis in soverre as wat dit van toepassing kan wees, handhaaf, nakom en daaraan onderworpe wees;
5. die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding vir skadeloosstelling aan die Versekerde, enige navigator en enige sodanige waterskiër of valskermskiër gesamentlik, wat voortspruit uit ‘n enkele gebeurtenis, sal hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae onder hierdie uitbreiding beloop.

# ONDERAFDELING 3 – INSITTENDES VAN VERSEKERDE VAARTUIG

## OMSKREWE GEBEURTENISSE – ONDERAFDELING 3

**Mediese uitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir mediese uitgawes tot en met die versekerde bedrae in die bylae vermeld vir toevallige liggaamlike besering van enige persoon binne-in of op die Versekerde Vaartuig wat voortspruit uit uit die sink of botsing van die Versekerde Vaartuig met enige voorwerp behalwe water.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik – van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Trauma** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir uitgawes aangegaan deur die Versekerde vir insittendes van die Versekerde Vaartuig wat behandeling deur ‘n geregistreerde professionele berader ondergaan opvolgend tot sodanige persoon wat psigologies getraumatiseer word as ‘n regstreekse gevolg van geweld of dreigement tot geweld gedurende diefstal, poging tot diefstal of kaping van enige Versekerde Vaartuig en/of Versekerde Motor met dien verstande dat:

1. dit nie moontlik is om hierdie uitgawes van enige ander versekeringspolis of –fasiliteit terug te verhaal nie;
2. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word sal beloop vir enige enkele voorval van diefstal of kaping.

# OMSKRYWINGS - ONDERAFDELING 3

**Versekerde Motor** sal dieselfde betekenis hê soos omskryf in onderafdeling 1.

**Versekerde Vaartuig** sal dieselfde betekenis hê soos omskryf in onderafdeling 1.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge